# ERE AAN GOD!

### RY JY DAAGLIKS NA EN VAN BELLVILLE HOËR?

Een van ons gemeente-kinders het 'n vervoerprobleem Westcliff Skool toe soggens en terug in die middae.

Versoek verlede week

### GENADE

Na baie gebede en oproepe is vervoer na en van die skool gevind!

Terugvoer die week

### UITDAGING

Verskeie van die ligte op die agterste en voorste parkeerterrein is stukkend of het nuwe gloeilampe nodig. Dit is spesialiswerk en daar is ook steierwerk of 'n "cherry picker" nodig.

### GEBEDSVERHORING

Een van ons gemeentelede kom self, bring sy span werkers en vir 2 dae lank in bloedige hitte word ligte op sy koste vervang en herstel!

### GEBEDSVERSOEK VERLEDE MAAND

"Danie (Krynauw van Thailand) het ongelukkig verlede week 'n slegte val by ons huis se trappe gehad. Ek moes hom hospitaal toe neem en hy is opgeneem. Die CT-skandering het verskeie frakture gewys - een in sy skedel en die res in sy bokaak.

Ons sal julle gebede baie waardeer vir Danie se volle herstel, asook vir die herwinning van sy geheue."

### TERUGVOER VANAF MARINA

"Baie dankie vir al julle gebede vir Danie met sy val. Dit gaan heelwat beter met hom.


Gisteraand het ons weer ons weeklikse Bybelstudie hervat en komende Sondag sal Danie die Woord bring by ons Internasionale gemeente. "

### ONLANGSE VERSOEK AAN DIE GEMEENTE

Indien daar van ons lidmate is wat kennis het van lugverkoeling in groter geboue en ons kan raad gee oor opsies vir die kerk …

### DIE AFGELOPE WEEK

Maandag kry ons 'n oproep van 'n lidmaat, Woensdag 'n besoek en Donderdag wordons geseën met 'n splinternuwe verkoelingstelsel in die kerk!



"Because my praise is a weapon
It's more than a sound
Oh, my praise is the shout
That brings Jericho down !"
Praise – Elevation Worship

# BELEEF GOD




Bron: Dinkjeug

LIEFDE

*Die Bybel verwys na verskillende soorte liefdes. Drie hiervan is:*

EROS

Romantiese of huweliksliefde
Dit is die liefde tussen man en vrou wat gevoelens, aantrek-kingskrag en intimiteit insluit.

PHILIA

Vriendskapsliefde.
Dit is die liefde tussen vriende, familie of mense wat mekaar goed ken en respekteer.
Philia is gebou op vertroue en lojaliteit.

AGAPE

Agape is die onvoorwaardelike, selfopofferende liefde wat God vir mense het.
Dit is ook die liefde wat Jesus vir ons aan die kruis gewys het .

Die Bybel leer ons dat Christene mekaar veral met Agape-liefde moet liefhê.



LOOF DIE HERE!

Die sikloon Fytia het geweldige skade aangerig in 29 streke in Madagaskar met duisende mense wat dakloos gelaat is, infrastruktuur wat vernietig of beskadig is en mense wat hul lewens verloor het. Daar is o.a.120 skole gedeeltelik of heelte-mal verwoes.

Nic Strydom laat weet: “**Prys die Here dat geen een van ons span erge skade gekry het nie.”**

**Ons loof die Here saam met hulle!**

Hy sê: “Die storm is in die meeste gevalle noord van hulle verby. Kom ons bid vir die families wat mense aan die dood moes afstaan en vir die wat nog vermis is asook vir almal wat dakloos is en op een of ander manier geraak is.”

